



KAROO HOOGLAND

MUNISIPALITEIT



VAKATURE: HOOF: FINANSIËLE BEAMPTE

Aansoeke word ingewag van potensiële kandidate wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir die vul van bogenoemde vakature op die diensstaat van die Munisipaliteit.

Minimum kwalifikasies:

Die geskikte kandidaat sal 'n professionele persoon met 'n toepaslike kwalifikasie, asook ten minste vyf jaar ervaring van senior bestuur in 'n munisipale finansiële omgewing hê. Benewens wye blootstelling aan die finansiële praktyke van 'n plaaslike regering, moet die kandidaat oor grondige kennis van GRAP, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur en finansiële praktyke in 'n Plaaslike Owerheid-konteks beskik. Verder word rekenaarvaardigheid, asook tweetaligheid (Afrikaans & Engels) vereis. Die geskikte kandidaat sal ook verantwoordelik wees vir die volgende en moet oor die nodige kennis beskik asook ervaring hiervan: (vereiste)

- Opstel van GRAP finansiële State
- Bestuur en koordineer van Oudit Proses
- Opstel van jaarlikse begroting en aanvullende begroting
- Kennis hê van mSCOA regulasies (met spesifieke verwysing na die 7 Segmente)
- kennis en ondervinding van die SEBATA finansiële stelsel

Vergoedingspakket:

'n Mededingende, allesinsluitende vergoedingspakket word aangebied.

Standplaas:

Williston

Kontraktermyn:

Aanstelling geskied op 'n vyfjaarprestasiebestuur kontrakbasis.

Diensaanvaarding:

4 Januarie 2016 of so spoedig moontlik daarna.

Sluitingsdatum:

23 November 2015

Rig u omvattende CV en dekbrief met besonderhede van ten minste drie raadpleegbare verwysings, aan: Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X3, Williston, 8920. Navrae gedurende kantoorure aan mnr. Gustav Von Mollendorf by 053 3913 063. Aansoeke moet duidelik gemerk wees: "*Vakature: Hoof Finansiële Beampte*". **Aansoeke per faksimile of epos sal nie aanvaar word nie. Persone wat reeds aansoek gedoen het hoef nie weer aansoek te doen nie.**

GW Von Mollendorf (Munisipale Bestuurder)
Karoo Hoogland Munisipaliteit
Mulderstraat 2
Privaatsak X03
Williston, 8920
Tel. 053 – 3913 003
Datum: 7 November 2015
